# SARS BETAAL R 2.4 MILJARD IN TERUGBETALINGS TYDENS INPERKING

**Pretoria, Maandag 30 Maart 2020** - Suid-Afrika, soos menige ander lande in die wêreld, loop gebuk onder die ekonomiese en gesondheidsimpak wat deur die COVID-19-pandemie veroorsaak is. Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) is bewus van die rampspoedige gevolge op die lewens van ons mense, die risiko vir besighede en 'n reeds sukkelende ekonomie. Gevolglik, is ons daartoe verbind om die noodsaaklike dienste van SARS te handhaaf om hierdie ongunstige omstandighede te versag.

In die uitvoer van hierdie verantwoordelikheid, balanseer SARS die veiligheid van ons personeel, belastingpligtiges en handelaars, onderwyl ons verseker dat ons ekonomie kan funksioneer. Tot op hede, het SARS terugbetalings aan belastingpligtiges uitbetaal wat nagenoeg R 2.4 miljard beloop oor die afgelope vier dae van inperking, vanaf Vrydag 27 Maart.

Die terugbetalings behels betalings aan grootsake-ondernemings van nagenoeg R 1.1 miljard en betalings aan klein-, medium- en mikro-ondernemings (KMMO's) van nagenoeg R 1.3 miljard.

Die uitbetaling van terugbetalings verteenwoordig 'n groot kontantinspuiting vir ons ekonomie op 'n baie kritiese tydperk. SARS kan dit slegs doen indien belastingpligtiges en handelaars nakomend bly deur hulle indienings- en betalingsverpligtinge na te kom selfs gedurende die inperking.

SARS het die volgende aanlynkanale beskikbaar gestel: MobiApp, eFiling, e@syFile, e-pos en die SARS-kontaksentrum (0800 00 7277) vir belastingpligtiges om hierdie verpligtinge na te kom.

Belastingpligtiges en handelaars word aangemoedig om van hierdie kanale gebruik te maak om verskuldigde betalings te maak op of voor 31 Maart 2020 en sodoende nakomend te bly.

Dit bly ook noodsaaklik dat verskeie besigheidskategorieë wat in nood verkeer, nakomend bly om sodoende toegang tot die belastingverligtingsmaatreëls te hê wat die regering in plek gestel het om die ekonomiese druk van die COVID-19-pandemie te verlig.